31 Mei 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

## BELEEF BEHOORT BEDIEN




"" Ons almal weerspieël
die heerlikheid van die Here ...

*Ons word al meer verander om*
*aan die beeld van Christus gelyk te word.*

Die heerlikheid wat van ons uitstraal,
neem steeds toe.

*Dit doen die Here wat die Gees is."*

2 Korintiërs 3:18

**KERKJAAR**

Die eerste Sondag na Pinkster:

**DRIE-EENHEID SONDAG**

Lees 'n pragtige artikel oor die Drie-Eenheid hier:
https://kaapkerk.co.za/drie-eenheidsondag-een-plus-een-plus-een-is-een/

# EREDIENSTE

**VANDAG**

**Deuroffers:** Sinodaal:
Teologiese Kweekskool

**40 DAE: GEMAAK OM SOOS CHRISTUS TE WEES**

*Past Adam*

Genesis 1:26-27    2 Korintiërs 3:18
Efesiërs 4:22–24

**08:30**
Kontemporêre diens
Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**
Klassieke Diens

**10:30**
Belydenisklas

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux  083 504 2613  I  ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker  074 172 9187  I  adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MEI**

31: Abé Botes, Verdus de Jongh (70jr)

**JUNIE**

1: Karel van Rooyen
3: Hendra van Zyl
6: Des Painter (80jr)

## BEWYS VAN LIDMAATSKAP

*is ontvang van*

- Daniel Philippus Coetzee vanaf Clocolan
- Andries Abraham Meintjes en Wilhelmina Petrusa Grobler (nou Meintjes) vanaf Vishoek.
- Hanro de Wet en Jarené James vanaf Strand-Noord
- Dirk Johannes Geldenhuys en Gerda Jordaan (nou Geldenhuys) vanaf Brackenfell
- Rainier Geldenhuys vanaf Brackenfell en Jeanré Louw (nou Geldenhuys) vanaf Goodwoodpark
- Andries Helmon Jacobus Huisamen en Charlotte Fourie vanaf Bellville-Riebeeeck
- Charlene Cornel Cilliers (nou Bredenkamp) en Kaylin Botha vanaf Driehoek

## WELKOM NUWE LIDMATE

‘n Hele klompie persone het die afgelope tyd by die gemeente aangesluit. Baie wellkom aan elkeen van julle. Ons is bly julle is hier! Ons glo julle gaan gou-gou voel dat julle hier behoort, dat julle God hier beleef en dat daar iewers ‘n plekkie is om te bedien.

## Silwerjare Byeenkoms

Eersk Dinsdag 2 Junie om 10:00 onderste saal.

**SPELETJIESOGGEND!**

*Navrae:* Mona Ackermann by 081 444 8921

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

“God het die mens geskep
as sy verteenwoordiger,
***as beeld van God***
het Hy die mens geskep.”

Gen 1:27a


BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# MADAGASKAR

## 05/06 - 15/06

Ons is opgewonde saam met Gert Roberts en Francois Kotze wat Vrydag na Madagaskar vertrek om die opening van die Konferensiesentrum daar by te woon.
*Baie dankie aan elkeen wat bydraes gemaak het om dit moontlik te maak!*

Om sendelinge in 'n ander land te wees, is 'n leeftyd van opoffering en 'n besoek aan die sendelinge is baie meer as net 'n kuiertjie by vriende.
'n Besoek sê julle is deel van ons familie, ons sien julle opofferings raak, julle is vir ons belangrik, ons ondersteun julle, bid vir julle en is lief vir julle.
Ons bid saam vir die uitreik en dank die Here vir die voltooiing van hierdie Godgrootte projek!




# BID SAAM

"Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.

Julle gees en gedagtes moet nuut word;
**lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is:**

lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."
Efesiërs 4: 22-24

Here Jesus
U weet hoeveel dinge daar nog tussen U en my is wat ons verhouding vertroebel - groot dinge en ook klein lastige gewoontetjies.
Ook soveel dinge wat ek nié doen nie.

Help my om op te hou met my lou-Christen lewe. Laat ú Gees my verander sodat mý gees en gedagtes kan nuut word en ek 'n nuwe mens kan wees.
Dat ek kan breek met my begeertes na aardse goed en liggaamlike plesiertjies.

Ek wil volkome volgens U wil lewe,
U alleen eer en heilig.
Ek wil weer vlekloos voor U staan.
Amen
*Gebed nav die teks hier langsaan.*

# 40 DAE DOELGERIGTE LEWE

## WAT OP AARDE MAAK EK HIER?










**HEIDE-BOETIEK**
**EN ALLERLEI ANDER ITEMS**

Eersk Vrydag 15:00 -18:00 en
Saterdag 08:00 - 12:00

Nie net klere nie, maar ook speelgoed, kombuisgoed, linne, allerlei snuisterye en huishoudelike ware.
'n Heerlike snuffelmark.



# ALLERLEI



Dankie aan almal wat wol skenk en almal wat brei!

HOLY BIBLE

KAAPKERK

**GEBRUIK JY *YOUVERSION* BYBEL-*APP* OP JOU FOON?**

Kaapkerk (Sinode van Wes-Kaapland) is nou ook deel van die YouVersion Bybel-*app*.

Deur *YouVersion* kan hulle inhoud nou 'n wyer gehoor bereik op 'n platform wat reeds deur miljoene in Suid-Afrika gebruik word. Hulle sien uit daarna om saam te bou aan 'n digitale ruimte waar geloof groei, stories gedeel word en die evangelie op nuwe maniere leef.

Maak jou *YouVersion app* oop en tik "Kaapkerk" in by die soekfunksie.

**WERKSGELEENTHEID**

BOEKHOUER (5/8ste Pos) by Strandsorg, Strand

(Sluitingsdatum: 04 Junie 2026)

Strandsorg is 'n program van Badisa. Aansoeke van entoesiastiese, verantwoordelike en gemotiveerde persone word vir hierdie betrekking ingewag.

Verantwoordelikhede soos boekhouding, finansiële state en - administrasie, begrotings, BTW, administratiewe en sekretariële pligte.

Meer volledige inligting hier:

https://badisa.org.za/careers/




**RAMPHULP**

Een van die plekke in Worcester waar hulp verleen is, is 'n skool vir kinders met leerprobleme. Van die leerders en personeel het alles verloor.

Dankie aan almal wat klere en linne bygedra het; dit maak 'n verskil.



# IN DIE OMGEWING







